Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/**
**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GEOGRAFIE V1


**NOVEMBER 2020(2)**

**BYLAE**

**Hierdie bylae bestaan uit 12 bladsye.**


Kopiereg voorbehou

**FIGUUR 1.1: VALLEIKLIMATE**




[Eksaminator se eie skets]

**FIGUUR 1.3: MIDDELBREEDTESIKLOON**




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerburo]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**FIGUUR 1.4: LYNDONDERSTORM**




[Bron: Eksaminator se skets]

**FIGUUR 1.5: DELTAS**

ÉcoleBooks

**DELTAS IS BESIG OM TE SINK**

Die wêreld se deltas beslaan minder as 0,5% van die Aarde se landoppervlakte, maar hulle huisves honderde miljoene mense. Deltas is belangrike areas vir voedselproduksie met vrugbare grond en maklike toegang tot die kus. Hulle het ook unieke ekosisteme. Tans staar die wêreld se deltas 'n krisis in die gesig. Seevlakke is besig om te styg as gevolg van klimaatverandering, terwyl deltas besig is om te sink.


Deltas sink natuurlik onder hulle eie gewig, soos sedimente saampak. As hulle ongesteurd gelaat word, sal nuwe sediment versamel en help om die delta se oppervlak bo seevlak te hou.

Tans sak deltas egter baie vinniger as wat hulle natuurlik sou. Dit is as gevolg van grondwater wat vanaf akwifers (deurlaatbare gesteentes) onder hulle gepomp en gebruik word om gewasse te besproei en om water aan vinnig groeiende stede te verskaf. Onder hierdie omstandighede kan slegs die volgehoue deponering (afsetting) van sediment op deltas voorkom dat hulle 'verdrink'.

Moeilike besluite sal gemaak moet word oor ontwikkelingsprioriteite tussen lande stroom-op van deltas en die lande wat deltas insluit. Daar sal kompromieë tussen hidrokrag, landboupraktyke en deltavolhoubaarheid getref moet word.


[Bron: https://www.asiatimes.com/2019/11/article/river-delta-changes-threaten-hundreds-of-millions/]

**FIGUUR 1.6: RIVIERVERJONGING**




[Aangepas uit http://navneetsingh00215.blogspot.in]

**FIGUUR 2.1: HOOG- EN LAAGDRUKSELLE IN DIE SUIDELIKE HALFROND**




[Bron: Eksaminator se eie skets]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**FIGUUR 2.3: TROPIESE SIKLOON**




[Bron: Meteo France]

**FIGUUR 2.4: STEDELIKE HITTE-EILANDE**

**STEDELINGE LEI DIE ERGSTE ONDER UITERSTE TEMPERATURE**

Danksy die verskynsel wat stedelike gebiede warmer as hulle omliggende gebiede maak, is stede soos Pretoria tot soveel as 6 °C warmer as wat hulle sou wees.


Die hitte kom van dekades se swak beplanning. Sedert die 1950's was die globale fokus van stad-infrastruktuurbeplanning op motors en om soveel as moontlik mense in wolkekrabbers te kry.

In Suid-Afrika se ses groot stede beteken dit geteerde paaie wat kruis en dwars oor eertydse velde loop, groot sementblaaie wat parkering vir die motors verskaf en hoë woonstel- en kantoorblokke wat die inwoners daarvan oordonder. Dit genereer en vang hitte vas, wat tot 'n stedelike hitte-eiland lei. Hierdie effek is snags erger omdat stede hitte stoor.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) sê dat stedelike hitte-eilande, wat beide temperature verhoog en besoedelende stowwe vasvang, in hierdie eeu sal moet verdwyn indien toekomstige generasies 'n gesonde lewe in stede wil lei. 'n Moontlike manier om die kwessie van hitte-eilande op te los, is om 'groen' strategieë bekend te stel. Groen strategieë is volhoubaar en is nie skadelik vir die omgewing nie.


[Aangepas uit https://mg.co.za/article/2016-01-16-beyond-the-inferno-how-sa-cities-must-green]

**FIGUUR 2.5: STROOMROOF**




[Aangepas uit https://revision.co.ke/marking-schemes/kcse-cluster-tests-3/geography]

**FIGUUR 2.6: RIVIERPROFIEL**




[Aangepas uit https://www.google.com/search?q=photograph+of+an+ungraded+river+profile]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM




## FIGUUR 3.1: MODELLE VAN STEDELIKE STRUKTUUR





[Aangepas uit Davies 1981, https://geographycasestudysite]

## FIGUUR 3.3: LANDELIKE ONTVOLKING




[Bron: Eksaminator se grafiek]

**FIGUUR 3.4: STEDELIKE KWESSIE RAKENDE VINNIGE VERSTEDELIKING**




[Aangepas uit http://cartoonsbymiles.blogspot.com/2014/06/mixed-bag.html]

**FIGUUR 3.5: BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA**

**MOEILIKE TYE HET STERKER BEESTE NODIG**

ÉcoleBooks



Met die voortdurende droogte en die uitbreek van die bek-en-klouseer in Suid-Afrika is die keuse van die regte beesras vir produksie en teling uiters kritiek. Met hulle aanpasbaarheid en hoë funksionele doeltreffendheid het Bonsmara-beeste hulleself as die ideale ras bewys om hierdie uitdagende toestande te oorleef en om daarin te floreer.

Die Bonsmara, wat vir Afrika se strawwe toestande geteel is, het getoon dat hulle by die veranderende klimaat, verminderde reënval en warmer temperature kan aanpas. Die Bonsmara-koei het die vermoë om lang afstande te loop op soek na weiding. Die ras pas ook by beide ekstensiewe en intensiewe landbouomgewings aan.

[Bron: https://www.farmersweekly.co.za/animals/cattle/tough-times-need-tougher-cattle/]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM


Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## FIGUUR 3.6: PWV(GAUTENG)-NYWERHEIDSTREEK

Die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek is 'n geïntegreerde groep stede, dorpe en stedelike nodes, wat gesamentlik die ekonomiese hart van Suid-Afrika vorm.


Die streek is die land se handelsentrum binne en oor die grense van Suidelike Afrika. PWV (Gauteng) produseer meer as 33,8% van die nasionale BBP teen huidige pryse. Daar word beraam dat PWV (Gauteng) ongeveer 45% tot Suid-Afrika se ekonomiese uitset bydra.

Ondanks die belangrikheid daarvan staar die PWV(Gauteng)-streek baie uitdagings, soos watertekorte en hoë vlakke van werkloosheid, in die gesig.





[Aangepas uit https://www.gcro.ac.za/about/the-gauteng-city-region/]

## FIGUUR 4.1: LANDELIKE NEDERSETTINGSPATRONE EN -VORME




[Aangepas uit https://www.studyadda.com/current-affairs/human-settlements]

**FIGUUR 4.3: ONGEBREIDELDE (ONBEHEERDE) STEDELIKE UITBREIDING**




[Aangepas uit https://theurbanweb.wordpress.com/finger-plan-in-copenhagen-urban-sprawl]

**FIGUUR 4.4: STEDELIKE OMGEWINGSGEREGTIGHEIDSKWESSIE**



[Aangepas uit https://pulitzercenter.org/reporting/south-africas-future-without-coal]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**FIGUUR 4.5: STRATEGIEË VIR NYWERHEIDSONTWIKKELING: DIE SALDANHABAAI-NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE (SBNOS)**

**NUWE BELEGGING IN DIE SALDANHABAAI NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE (SBNOS)**




Die 'West Coast Corrosion Protection' (WCCP) sal hulle werksmag byna verdubbel soos hulle hulleself posisioneer om hulle reeds gevestigde onderneming met die hulp van die SBNOS-befondsing te laat groei.

As 'n klein, plaaslike maatskappy in die korrosiebeskermings- en ondersteuningsdienste-nywerheid, diens die WCCP 'n reeks mariene vaartuie in 'n aantal hawens regoor Suid-Afrika. Hulle nuwe fasiliteit sal as noodsaaklike basis dien om hulle waarde en dienste-aanbod in die maritieme nywerheid uit te brei. Dit sal die weg baan vir nuwe markte en klante.

Die SBNOS het tot vandag 11 huurooreenkomste, met 'n beleggingswaarde van meer as R3 miljard, geteken. Die ontwikkeling van die SBNOS is belangrik om die nywerheidspotensiaal van die Weskus, en in besonder Saldanha, te ontsluit.

Vaardigheidsprogramme wat in die SBNOS begin is en wat fokus op onderneming en kontrakteurontwikkeling, het 'n totaal van 2 199 individuele opleidingsgeleenthede geskep, waarvan 88% van die deelnemers reeds gegradueer het. Tesame hiermee trek die plaaslike gemeenskap voordeel uit sosialeverantwoordelikheids-inisiatiewe.

[Bron: www.sbidz.co.za, https://www.sa-venues.com/maps/westerncape/saldanha.php]

**FIGUUR 4.6: INFORMELE SEKTOR**



[Bron: iol.co.za]

Informele handel word in die meeste lande deur vroue gedomineer.

Suid-Afrika se informele kleinhandelsektor bestaan uit 750 000 informele mikro-kleinhandelaars (meestal vroue), wat van hulle huise af ('spaza'-winkels) en as straatsmouse werk. Hulle genereer 'n totale inkomste van R31,8 miljard per jaar.

Ondersteuning van die informele sektor kan help om Suid-Afrika se werkloosheidsdruk te verlig. Daar is min struikelblokke wanneer die informele sektor betree word. Dit voorsien in baie van die plaaslike gemeenskap se basiese behoeftes.

[Aangepas Citizenmatters-post-covid-16671]c

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM